# Elmo Pretorius
## (10 Desember 1933 – 29 Mei 2007)
## "Sout-van-die-aarde historikus"[1]

Jan St. Elmo Pretorius was een van daardie historici oor wie studente nie uitgepraat kon raak nie. Hy was ŉ onafhanklike gees wat geskiedenis met ŉ vernuwende blik op die alledaagse lewe in al sy fasette geïnterpreteer het. Sy briljante intellektuele vermoëns en onvermoeide ywer om gekiedenis as lewende werklikheid aan te bied, was tegelyk omstrede en verhelderend. Vir sommige het hy as eksentrieke akademikus voorgekom, maar vir studente en kollegas wat hom van naderby leer ken het, was hy ŉ simpatieke en ondersteunende deelgenoot.

In 1951 het Pretorius as eerstejaar BA-student aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS) ingeskryf. Volgens sy lewenslange vriend, At van Wyk, ook ŉ latere historikus in eie reg, was Pretorius skraal en langerig, met ŉ rou bas-baritonstem en lekker lag – ŉ oopgesig ou wat van gesels gehou het en maklik vriende gemaak het. Die hoofvak Geskiedenis het hy onder die vermaarde professor C.J. (Charles) Uys en doktor J.J. Oberholster bestudeer.

Sy MA-verhandeling het die owerheidsbeleid oor die handel in vuurwapens en ammunisie in die Suid-Afrikaanse geweste in die tydperk 1806 tot 1880 ontleed. Hierdie handel in vuurwapens het ŉ groot

---

1. Erkenning word met dank verleen vir inligting wat deur die volgende persone verskaf is: At van Wyk, Whitey Jansen van Rensburg, Ernst Stals, Henning van Aswegen, Pieter Kapp, Diko van Zyl, Danie Nel en Phil Minnaar.

uitwerking op die uitbreek en verloop van oorloë in 1879 en 1880 in Suider-Afrika gehad. Pretorius is die geleentheid gebied om met ŉ nagraadse beurs in Wes-Duitsland aan die Universiteite van Bonn en Tübingen te studeer. Hy het die Duitse taal gemaklik bemeester en teoretiese geskiedenis bestudeer, veral onder professor Walter Metzger in Tübingen. Terwyl hy nog daar was, is hy op 23-jarige leeftyd op 14 September 1956 deur die senaat van Universiteit van Stellenbosch as tydelike lektor met ingang 1 Januarie 1957 aangestel. Hy sou hierdie tydelike pos twee jaar lank beklee voordat hy in September 1958 deur die senaat in ŉ permanente hoedanigheid aangestel is.

Pretorius se doseer-opdrag was Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die eerstejaars moes die Kompanjiesperiode (1652-1795) bestudeer en die tweedejaars hoofsaaklik die negentiende eeu (1795-1910). Lesings was in daardie tyd hoofsaaklik ŉ eenrigtinggesprek van die dosent se kant, maar Pretorius se onortodokse manier van klasgee het verhoed dat studente ooit verveeld geraak het. Pretorius het pionierswerk verrig met die implementering van wat destyds as "Praktiese Geskiedenis" bekendgestaan het. Destyds het die eerstejaarklas uit tussen 150 en 230 studente bestaan. Pretorius het hulle in groepe van ŉ maksimum van tien studente elk ingedeel om namiddae ŉ uur lank geskiedenis te beoefen. Daar was drie sessies praktika elke weeksmiddag. Geskiedenis praktika was destyds ŉ totale nuwigheid (ŉ eerste) in die geskiedenisbedryf aan Suid-Afrikaanse universiteite. Die studente is geleer om kritiese vrae te stel, om noukeurige opleeswerk (navorsing) te doen en om geskiedenis te skryf (byvoorbeeld opsommings in eie woorde). Pretorius moes al hierdie werk nasien (sekerlik nie altyd baie deeglik nie) totdat hy selferkend "vaal" geword het. Hy het eers later besef dat studente geleer moet word dat geskiedenis *geskryf* wil word en *lekker* moet lees! Die tweedejaars, sowat 120 in getal, moes Pretorius drie keer gedurende die jaar individueel spreek voordat hulle stewige werkstukke ("opstelle") ingehandig kon word. Sulke opstelle moes aan hoë wetenskaplike en stilistiese eise voldoen, met relevante inligting uit ŉ verskeidenheid bronne, ŉ logiese uiteensetting van die teks, asook behoorlike annotasie en voetnote.

Die vyf jaar wat Pretorius aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde was, het belowende geskiedenisstudente opgelewer, insluitend Pieter Kapp, Henning van Aswegen, Hermann Giliomee, Ernst Stals, Diko van Zyl, Johan de Villiers, Margaretha Pretorius, Deon Jooste, Solly Press, Flip Smit, André du Toit en Abraham Lückhoff.

Vir eie skryfwerk en publikasies was daar min tyd. Pretorius het in 1963 saam met Marius Swart, Paul Zietsman en Henning van Aswegen die boek *Uit ons Wording*, wat hoofsaaklik op beginner-studente gerig

was, gepubliseer. Hy het ook 'n aantal bydraes vir die *Suid Afrikaanse Biografiese Woordeboek* en die *Encyclopedia of Southern Africa* gelewer.

Pretorius was na sy eie mening op Stellenbosch polities verward. Hy was heel krities oor die Nasionale Party en die situasie in die land. In daardie tyd het monolotiese denke op die kampus oorheers. Pretorius het vanweë sy individualistiese gees en Europese ervaring dikwels gesmag na lewendige debatte om ook ander gesigspunte te toets. Hy was belese, maar nooit iemand wat hom met 'n klein onderwerp kon besighou nie. Dit was moontlik die gevolg van sy ervaring met professor C.J. Uys aan die UOVS wat hom 'n hekel gegee het aan die aandrang om foute in geskiedenis te ontbloot. Pieter Kapp erken dat dit Pretorius was wat hom as gevorderde student 'n belangstelling vir die Duitse geskiedenis sedert die tyd van Bismarck en die Koue Oorlog gegee het.

Ander oud-studente erken Pretorius met waardering as dosent en rolmodel. Henning van Aswegen meld dat Pretorius nooit 'n allemansvriend onder die studente probeer wees het nie, maar dat van al die dosente op Stellenbosch in daardie tyd, Pretorius op hom die grootste invloed uitgeoefen het. Sy openheid van benadering en informele studentgerigte geaardheid het Van Aswegen oortuig om self 'n loopbaan in Geskiedenis te volg. Ernst Stals getuig ook dat Pretorius menige keer sy "vaderlike hand" oor hom gehou het toe hy die eerste keer in 1962 praktiese klasse en lesings vir eerstejaars moes doseer.

Wat het Pretorius beweeg om dié universiteit op 31 Maart 1962 amptelik te verlaat? Waarom 'n gerespekteerde departement met talentvolle studente vaarwel toeroep? Die onafhanklike Pretorius (hy is nooit getroud nie) het eerstens die uitdaging aanvaar om 'n nuwe departement Geskiedenis aan die pas-gestigte Universiteits-kollege van Durban-Westville te vestig. Dit het aan hom die geleentheid gebied om meer Afrika-sentriese geskiedenis en ook Indiese kultuur in Suid-Afrika te bevorder. Tweedens was hy moeg van die enorme hoeveelheid nasienwerk en puntekontrole wat sonder genoegsame erkenning aan die Universiteit van Stellenbosch van hom vereis is. Later het hy besef dat dit die grootste fout van sy lewe was om Stellenbosch te verlaat. Hy skryf by geleentheid: "My blyste dae het ek daar belewe, maar ook my seerste!"

Dit is tragies vir die historiese wetenskap dat Pretorius nooit sy doktorale navorsing oor Mohandas Karamchand Gandhi voltooi het nie, want iemand anders het hom voorgespring. Professor C.A. (Whitey) Jansen van Rensburg meld:

> Elmo se integriteit in sy handel en wandel was seker een van sy kenmerkendste eienskappe. Nadat hy sy doktorsgraadstudie in Duitsland afgehandel het, het hy op pad terug na Suid Afrika in die Britse Museum ʼn proefskrif teëgekom wat presies ʼn duplikasie van sy studieveld was. Hoewel sy UOVS promotor nie van die bestaande bron bewus was nie, het Elmo se integriteit hom verhoed om sy proefskrif hier in Suid Afrika in te handig vir die doktorsgraad. Dís jammer, want in die dae van diep apartheid kon ʼn bydrae oor Gandhi deur Elmo met sy skerp intellek verfrissend gewees het.

As professor aan die Universiteit van Durban-Westville is Pretorius in 1979 as registrateur (akademiese aangeleenthede) aangestel. Hy het die universiteiteswese met onderskeiding tot met sy amptelike uittrede in 1991 gedien. Tydens sy begrafnis op 3 Junie 2007 in die dorpie Tweeling, is die volgende hulde aan Elmo Pretorius deur sy vriend professor Jansen van Rensburg gebring:

> As hy dalk gesterf het met ʼn seer in hom, kan dit wees omdat hy nagelaat het om alle horisonne na wense te verken. Elmo was die soort mens wat hoe langer jy hom geken het, hoe meer respek en waardering afgedwing het. Hy het waarde tot jou bestaan toegevoeg. Elmo het op elke mens op sy weg ʼn impak gehad. Elmo was ʼn komplekse mens. Na alles wat gesê is, was daar ʼn element van onvervuldheid in die *dasein* van Elmo. Ek dink hy sou graag wou getrou het. Sy liefde vir kinders kon hy nie verberg nie. Sy ontnugtering tydens sy skeiding met die Universiteit van Durban Westville was moeilik verwerkbaar.

Daar was ʼn hunkering wat nooit regtig verwoord is nie.

C.M. van den Heever het geskryf:

> Die grassaad sal nog buig,
> Die beeste bulk, die lewe roep,
> Maar jy?
> Hier waar jy was, sal skape wei.

In die woorde van Totius, “Daar Is Geen Dood”:

> Daar Is Geen Dood
> Ons wat van lae strand dit sien, en speur
> Hoe dat hul vaart die afstand steeds vergroot
> Ons kan nie sien wat anderkant gebeur
> En daarom noem ons die verdwyning dood.

Dit is die beeld van ʼn unieke Afrikaner-historikus wat werklik sout van die aarde was ...

*Johan de Villiers*
*Navorsingsgenoot, Universiteit van Zululand*



**Professor Jan St. Elmo Pretorius**
**as departementshoof van Geskiedenis aan die Universiteit van Durban-Westville.**